NG Elarduspark — 14 Desember 2025 – 11 Januarie 2026

# WEEKLIKS



012 345 1144 — www.ngelarduspark.co.za

## Geseënde Kersfees
### & VOORSPOEDIGE NUWE JAAR!

Aan die einde van die jaar kyk ons terug met dankbaarheid, en vorentoe met hoop. In 'n onseker wêreld, herinner Kersfees ons dat God se lig skyn – sag, maar onstuitbaar. Die geboorte van Christus bevestig dat God naby is, selfs in die gewone en brose dinge van ons lewens. Mag hierdie feestyd vir jou en jou geliefdes 'n spasie van rus, vreugde en verwondering wees. En wanneer ons die nuwe jaar instap, doen ons dit met die wete dat God saamgaan, dat Sy genade genoeg is... Mag jy 'n geseënde Kersfees én 'n hoopvolle nuwe jaar beleef.

## Bidstop:

Here, in hierdie Kersfeesseisoen wanneer ons weer die lig van Christus se geboorte vier, bid ons vir 'n wêreld wat diep na vrede smag. Laat die sagte lig van die krip elke plek van donkerte aanraak – waar oorlog woed, waar mense alleen is, waar hongersnood en onsekerheid heers. As ons 'n nuwe jaar binnestap, gee ons die moed om draers van U vrede en geregtigheid te wees. Seën almal wat ly, beskerm die kwesbares, en gee in ons 'n nuwe menslikheid wat oor grense heen liefhet. Here, laat U hoop ons wêreld herstel. Amen.



# DANKOFFERS



Tjekrekening: 1500580174
Takkode: 631245
Verwysing: Dankoffer

SnapScan

Skandeer hier om by te dra

zapper™

Skandeer hier om by te dra

# EREDIENSTYE:

*Sondae 14 Desember - 11 Januarie* **2026**

**Een erediens Sondae om 09:00**

**Geen** Sout & Lig Kinders, Veranderdiens of Dieper Delf nie

**Donderdag 25 Des 07:00/ 09:00: Kersdiens**

**Woensdag 31 Des 18:00: Oujaarsdiens**

# BELANGRIKE DATUMS: 2026
## Januarie & Februarie

| | |
|---|---|
| **SOUT & LIG REGISTRASIES** | **Sondag 18 Januarie**<br>Direk na beide 08:00 en 10:00 diens het ons 'n kort inligtingsessie oor die jaar wat voorlê. Ons nooi al ons ouers uit om dit asb. by te woon. |
| **TOEWYDINGSFEES:** | **Sondag 25 Januarie 08:00 en 10:00**<br>Kom kuier na albei dienste onder by die lapa en kom kyk waar jy betrokke kan raak in 2026. |
| **SOUT & LIG SKOP AF:** | **Sondag 25 Januarie 08:00 en 10:00**<br>Direk na beide 08:00 en 10:00 diens het ons 'n kort inligtingsessie oor die jaar wat voorlê. Ons nooi al ons ouers uit om dit asb. by te woon. |
| **DOOPKURSUS:** | **Donderdae 22 & 27 Januarie, asook 5 Februarie**<br>19:00-20:30 in die Blousaal<br>Ouerpare woon al drie aande by.<br>Kontak ds. Maartje vir meer inligting: 072 375 3965 |
| **GR. 4 KAPELDIENS :** | **1 Februarie 10:00**<br>Ouers en Gr. 4 kinders word hierheen genooi. |
| **HUWELIKSVOORBEREIDING:** | **Vanaf 4 Februarie, vir vyf Woensdagaande**<br>Trou jy voor Augustus hierdie jaar? Kom woon ons huweliksvoorbereiding by. Ons gesels oor belangrike boustene vir 'n gesonde huwelik. Dit kos R300 per paartjie. Kontak ds. Lieze Meiring voor 31 Januarie om jul plek te bespreek: lieze@ngelarduspark.org.za. |
| **ALPHA HUWELIKSVERRYKING:** | **Vanaf 5 Februarie vir 7 Donderdagaande**<br>Hierdie is vir jong en ouer paartjies wat mekaar en hul verhouding opnuut wil waardeer. Bring jul piekniekmandjie vir 'n "date night". Dit kos R100 per persoon vir die werkboek. Kontak ds. Lieze voor 31 Januarie om jul plek te bespreek. |
| **A-TEAM KIDS :** | **Vanaf 5 Februarie elke Donderdagaand om 18:30**<br>Dit loop saam met Alpha Huweliksverryking van die ouers. |
| **GR. 1 ROETEMERKER:** | **8 Februarie**<br>Ouers en grootouers word genooi. |



## LERAARS: VERLOFDATUMS

| | |
|---|---|
| Lieze Meiring: | 5-31 Desember |
| Danie Vermaak: | 6-16 Desember |
| Sheldon-Hugh Grahan: | 16-20 Desember |
| Maartjе vd Westhuizen: | 16 Desember - 2 Januarie 2026 |
| Louinette Weyer: | 22 Desember - 12 Januarie 2026 |
| Delanie Bezuidenhout: | 12 - 28 Desember |

## 2026 KALENDER


Let asb. daarop dat NG Elarduspark se 2026 kalender vanaf middel Januarie 2026 beskikbaar sal wees.



## EK HET 'N GELIEFDE VERLOOR ("GRIEFSHARE")

Sukkel jy met emosies, talle vrae en die lus om vorentoe te leef? "GriefShare" is 'n ondersteuningsgroep waarby jy kan baat. Ons kyk na video's oor verskillende onderwerpe oor rou en die kleingroep gesels oor hulle belewenis en ervaring daarvan. Só leer ons bymekaar. Om te rou is 'n proses en nie 'n eenmalige gebeurtenis nie. Daarom stap ons 'n pad saam met jou oor 'n periode van 13 weke. Vanaf Dinsdag 27 Januarie 2026 vir 13 weke elke Dinsdagoggend 09:00 – 11:00 in die Blousaal. Dit kos R300 en sluit 'n handleiding in. Die fasiliteerder is Kenau Swart, kontak haar gerus vir verdere besonderhede: 082 357 6643. Registrasie en betaling: Alida Keet, CMR – kantoor (012 345 1144). Registrasie sluit op Dinsdag 19 Januarie 2026.





## Thusanang Datums vir 2026:

### DINKSKRUM VAN OPLEIERS: (Ook vir voornemende opleiers )

**Donderdag: 15 Januarie 2026**

Aangesien 3 van die opleiers besluit het om die tuig neer te lê, het ons 'n tekort aan opleiers. Indien dit dalk op jou hart gelê word om by hierdie liefdesdiens betrokke te raak, kontak asb. vir Hannetjie van Zyl by 082 926 4947. Net 'n liefde vir jou naaste en basiese naaldwerkkennis is nodig om by hierdie bevredigende projek in te skakel. Ons probeer om meer as een opleier per klas te hê. Indien een opleier nie teenwoordig kan wees tydens 'n klas nie, kan die ander dan aangaan. Klasse is Donderdae tussen 13:30 en 16:00, slegs tydens die skoolkwartale.

### REGISTRASIE VAN NUWE LEERDERS:

**Donderdag: 22 Januarie 2026**

### KLASSE VIR ALLE GRADE BEGIN:

**Donderdag: 29 Januarie 2026**